

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 4: Vayera – En Hy Verskyn!

יהוה het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre, terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag. Gen. 18:1 – PWL¹

Torah : Gen. 18:1 tot 22:24.

Haftorah: 2 Kon. 4:1 tot 37.

Nuwe Verbond: Luk. 17:26 tot 37; Jak. 2:14 tot 24; 2 Pet. 2:4 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige jare se notas vir Parashah 4 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Most people don't really want the truth. They just want constant reassurance that what they believe is the truth. – Anonymous.

Do not think me mad. It is not to make money that I believe a Christian should live. The noblest thing a man can do is, just humbly to receive, and then go amongst others and give. – David Livingstone.

It's about time we stopped buying things we don't need with money we don't have to impress people we don't like. – Adrian Rogers.

The heroes of faith in Hebrews 11 ... obeyed by faith ... obedience is the pathway to holiness ... no one will become holy apart from a life of faith. Faith enables us to claim the promises of God, but it also enables us to obey the commands of God – Jerry Bridges.

The gift of the Sabbath must be treasured. Blessed are you who honour this day. – Lailah Gifty Akita.

God doesn't seek for golden vessels, and does not ask for silver ones, but He must have clean ones. – Dwight L. Moody.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Wanneer ons die Afgesonderde Skrif bestudeer moet ons altyd onthou dat יהוה-God voorheen oor alle onderwerpe en op allerhande maniere deur die profete met ons geestelike voorvaders gepraat het, maar in hierdie laaste dae het Hy met ons deur Sy Seun, wat Hy as Erfgenaam van alles aangestel het, gepraat (Heb. 1:1-2). Tog is dit altyd diedelfde stem, altyd die Woord van dieselfde Lewende Skepper-God.

Daarom is dit so belangrik om die Skrif as ‘n geheel, vanaf Genesis tot Openbaring, te neem en te hoor wat dit oor een of ander bepaalde waarheid getuig. Dan eers kom ons tot die volle besef van die plek wat hierdie waarheid werklik inneem in die openbaring en in die hart van God! Dit is dan wanneer ons ontdek watter grondwaarhede in die Skrif ons aandag meer as ander verdien. Ons vertrekpunt om hierdie grondwaarhede ten volle te verstaan en toe te pas is waar dit die eerste keer in die Skrif genoem word. Hierdie staan bekend as “the law of first mention!”

Die wyse waarop hierdie grondwaarhede telkens, by elke nuwe aanvang van die openbaring van יהוה, op die voorgrond tree, is vir ons ‘n herinnering van die dinge wat onveranderlik dieselfde bly, maar meer volledig openbaar gemaak word.

Die belangrikste van hierdie grondwaarhede het ons reeds ontdek in ons eerste Torah-skriflesing van Genesis, naamlik Gen. 3:15

Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.

Die Saad van die vrou is Yeshua, dié Gesalfde Een, wat die spilpunt is van יהוה-God se Raadsplan om alles te herstel tot soos dit voor die sondeval was. Vanaf Genesis tot Openbaring leer ons van יהוה se onverdiende guns soos dit in Yeshua, die Lam van God, openbaar gemaak word. In die Skrifte van die ou verbond is Yeshua verskuil, maar in die Skrifte van die nuwe verbond word Hy openbaar gemaak. Yeshua se eie woorde bevestig dit toe Hy gesê het:

...want ás julle Mosheh geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Joh. 5:46.

En aan die Amma’usgangers (Luk. 24:13-25) het Yeshua vanaf Mosheh en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik verduidelik (Luk. 24:27)

So lees ons ook in Joh. 1:45.

Filippos het vir Natan’el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Mosheh in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret.”

In die roeping van Avraham, en die bonatuurlike geboorte van Yitz’gak, het God die vorming van ‘n volk, uit wie die belofte van die Saad van die vrou gebore sou word, in Sy eie hande geneem!

In vorige Torahskriflesings het ons geleer dat van Adam tot Noag was dit 10 geslagte en van Noag tot Avraham was dit 10 geslagte. Noag was 'n "nuwe begin" van יהוה se skepping en van die mens. So ook was Avraham die begin van יהוה se volk waaruit die Verlosser as die Lam van God sal kom!

Maar Avraham moes wegtrek uit Ur van die Kasseërs (Chaldeërs – antieke Babilon (Bavel)) waar afgodery aan die orde van die dag was (Gen. 12:1-3). Dit was Avraham se eerste toets van vertroue in יהוה se onverdiende guns en getrouheid (gehoorsaamheid) aan God se Torah.

In hierdie week se Torahskriflesing word Avraham se vertroue en getrouheid tot die uiterste beproef, wanneer God vir hom sê om sy seun Yitz'gak, wat volgens die belofte gebore was, te gaan offer!

Bepeins of Bespreek

1. Sien ook Gen. 49:10, Num. 24:17 en Deut. 18:15-18 wat na Yeshua verwys. Watter ander Skrif is daar in die ou verbond wat profeties na Yeshua verwys? Wat van Jes. 53:1-5 wat in Matt 8:14-17 vervul is? Let op wat Sha'ul vir Timotheos in 2 Tim. 2:13-14 gesê het. Kan jy sien dat die regverdighede onder die ou verband vertrou het in dié Gesalfde Een wat sou kom? Hulle het met verlange begeer om dit te beleef as 'n werklikheid – verwys Matt. 13:17. Onthou ook wat Yeshua aangaande Avraham gesê het – Joh. 8:56!
2. Onpartydige opregtheid onder beide verbonde behels, eerstens, vertroue in dié Gesalfde een as die Lam van God tot vergifnis en versoening met יהוה-God en, tweedens, gehoorsaamheid aan יהוה se Torah. Die verskil is dat onder die ou verbond was die vertroue gerig op dié Gesalfde van God wat sou kom en gehoorsaamheid aan die Torah van Mosheh. Maar onder die nuwe verbond is dit vertroue in dié Gesalfde Een wat gekom het om ons sondeskuld te betaal en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Avraham Se Opdrag Is Ons Opdrag!

In Gen. 18:19 lees ons vir watter doel יהוה ook 'n verbondsverhouding met Avraham het:

Ek het 'n verbondsverhouding met hom sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יהוה moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat יהוה oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het.

יהוה het op grond van die verbondsverhouding met Avraham hom die gesag (outoriteit) gegee sodat hy sy nageslag en huishouding deur voorbeeld en onderrig sal beveel dat hulle die pad (die Torah) van יהוה moet onderhou (*sh'ma* en *sh'mar* – om te hoor en te doen asof jou lewe daarvan afhang) om onpartydige opregtheid en reg te doen, naamlik om volgens Torah beslissing te maak, besluite te neem en op te tree; sodat יהוה oor Avraham al die seëninge en beloftes kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Avraham het die rol vervul van vader, van koning en van priester oor sy huis. 'n Vader is die een wat onderrig en instruksies gee. 'n Koning, volgens יהוה se standaard, moet volgens Torah regeer en moet in diens van sy ondergeskiktes wees. 'n Priester se taak is om aan die hand van Torah beslissing te maak oor wat sonde is, naamlik te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd, rein en onrein en wat afgesonder en nie-afgesonder is, en om dan te waarsku van die gevolge van sonde, asook om as die middelaar op te tree van *teshuvah* (berou, belydenis en terugkeer tot Torahgehoorsaamheid) tussen יהוה en die mens.

Hierdie is ook 'n sinnebeeld van Vader God en Sy huishouding waar Yeshua as Koning en ewige Hoofpriester optree.

Daarom: Elke man (vader en eggenoot) se taak is dieselfde as die van Avraham. יהוה gee ook op grond van die nuwe verbond aan elke vader en eggenoot die gesag om sy kinders (nageslag) en sy huishouding te leer om die pad van יהוה te hou en om geregtigheid en reg te doen! Die vaders wat versuim om dit te doen, ontnem hulself, hul huweliksmaat en hulle nageslag van יהוה se seëninge. 'n Vader en eggenoot wat nie hierdie rol vervul nie, moet daaraan herinner word dat יהוה 'n jaloerse God is wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders van die derde en die vierde geslag (Ex. 20:5; Ex. 34:7). Vir 'n vader om te versuim om sy kinders in Torah te onderrig is 'n misdaad teenoor die kinders!!

Bepeins of Bespreek

1. Is dit om te oordeel indien ons volgens Torah 'n beslissing maak oor sonde en oor die gevolge daarvan waarsku? Moet ons nie ook as wagters (bewakers van Torah) diens doen nie (Eseg. 3:17-21; Eseg. 33:2-9). Oordeel ons as ons as wagters diens doen om te waarsku wanneer Torah oortree (gesondig) word? Wat het Yeshua bedoel toe Hy gesê het: *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie* (Matt. 7:1)? Onthou: Yeshua het ook gesê dat ons met 'n regverdige oordeel moet oordeel (Joh. 7:24). Is dit oordeel of is dit om as wagter om te tree indien ek uit die Skrifte vir byvoorbeeld 'n hoereerder (egbreker) bewys lewer dat dit sonde is en dat hy/sy nie die Koninkryk sal beërwe nie? Maar dit is uiters belangrik om seker te maak dat ekself nie skuldig is aan dieselfde sonde nie – sodat ek nie geoordeel word nie!

Avraham en Sarah se Huwelik

Die geskiedenis van Avraham is ook die eerste meer volledige insae wat die Skrif ons gee ten opsigte van die huwelik. Hoewel hierdie insae nie so voor die handliggend is nie, vind ons dit wel wanneer ons 'tussen die lyne lees'. So byvoorbeeld lees ons die volgende:

Daarom het Sarah in haar binneste gelag en gedink: 'Sal ek plesier hê nadat ek oud geword het en my meester ook oud is?' Gen. 18:12.

Hoewel Sarah in haar binneste gelag het by die aanhoor van die woorde: *dan sal jou vrou Sarah 'n seun hê* (Gen. 18:10), het יהוה geweet wat sy dink. Maar in vers 13 lees ons egter dat יהוה net vir Avraham gevra het: *Waarom het Sarah daar gelag en gesê: 'Sal ek werklik geboorte gee, ek wat oud geword het?'* Waarom het יהוה die woorde van Sarah: *en my meester ook oud is* weggelaat? Wat is die les wat ons hieruit kan leer?

Dit leer ons om te alle tye die vrede in die huweliksverhouding te bewaar. 'n Man en vrou moet nooit spottend of neerhalend van sy / haar huweliksmaat praat nie, of enige negatiewe dinge oor die huweliksmaat teenoor mekaar of teenoor 'n ander kwytraak nie. Die rede is dat dit wrywing in die verhouding kan veroorsaak en dat eerbied en respek vir mekaar afgetakel word, asook dat die selfbeeld van 'n lewensmaat skade kan ly.

Kefa het Avraham en Sarah se huwelik as voorbeeld gebruik toe hy in sy brief geskryf het aangaande vroue se gehoorsaamheid aan hulle mans:

⁵ want net só het ook die afgesonderde vroue, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans,

6 soos wat Sarah gehoorsaam was aan Avraham en hom ‘my meester’ genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie.

7 Julle, manne, moet op dié manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie.

8 Die slotsom is dat almal van julle in harmonie met mekaar moet wees; ly saam met die wat ly, wees lief vir mekaar en wees vol liefdevolle omgee en nederigheid. 1Pet. 3:5-8.

Sowat 1200 jaar na die uittog uit Egipte het יהוה deur die profeet Mal’haki (Maleagi) die volk se geestelike welstand evalueer en ondermeer gesê dat hulle afgewyk het van יהוה se vereiste maatstaf van die huwelik:

13 “Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie.

14 Tog vra julle: ‘Om watter rede?’ Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond.

15 Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy ’n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie,

16 want Ek haat egskeiding,” sê יהוה, die God van Yisra’el “en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek,” sê יהוה-Tzva’ot. “Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie.” Maleagi 2:13-16.

Daarom het יהוה sy seëninge van die volk weerhou omrede hulle nie die verbond met die liefde van hulle jeug eerbiedig (onderhou) het nie. Die volk het afgewyk van יהוה se standaard (vereiste) vir die huwelik en hulle eie standaard daar gestel. יהוה se standaard is dat hy die huwelik as ’n verbond tussen man en vrou beskou en daarom haat יהוה egskeiding, want dit is die verbreking van ’n verbond.

Die Huweliksverbond

Die sukses van ’n gelukkige huwelik is gesetel in die feit dat die huwelik ’n verbond is en as sulks eerbiedig moet word. Dit vereis begrip van die doel en betekenis van ’n verbond en dat die beloftes en voorwaardes van die verbond deur beide die man en die vrou nougeset nagekom moet word.

יהוה het die huwelik ingestel en daarom sal Hy die vereistes stel en die antwoorde vir ’n gelukkige en geseënde huwelik voorsien.

Indien die skepping van die mens soos opgeteken in Genesis 1 en 2 in oënskou geneem word, is die volgende duidelik:

- יהוה het gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Daarom het יהוה besluit dat Adam ’n lewensmaat moet hê (Gen. 2:18-20) – iemand wat vir hom ’n hulp (intelektueel, emosioneel en fisies) kan wees. Daar was dus ’n behoefte, of leemte, by Adam wat יהוה moes aanvul.
- Daarom is dit noodsaaklik dat getroude mans moet verstaan dat sy vrou sy helper is. (Hebreeus: *‘ezer kenegdo* – geskikte helper). יהוה het dit so beskik. Die betekenis van *‘ezer*

(helper) het 'n militêre verbintenis en beteken iemand wat toegewy is tot jou welsyn as 'n helper wat bereid is om die vyand dood te maak en self in die proses te sterf. Verwys notas: Parashah1.19 ([Parashah1Notas19](#)). Die woord "hulp" beteken ook *om te omring, te beskerm, om uit te help en te ondersteun*. Hierdie hulp verwys eerstens na die geestelike-, intellektuele en emosionele hulp, en dan die bevrediging van die man se sintuie.

- יהוה het 'n lewensmaat gebou uit die rib van Adam (Gen. 2:21-22). Die Hebreeus vir bou (*banah*) beteken om met vaardigheid, kunstigheid en sorg iets te maak of te herstel. Die vrou is met sorg gemaak om die man aan te vul en by te staan ten opsigte van sy geestelike, emosionele en fisiese behoeftes.

יהוה het Havah aan Adam voorgestel het (Gen. 2:22) en was ook persoonlik betrokke by die eenwording tussen man en vrou (Gen. 2:24). יהוה het ook die voorwaardes van die eenwording bepaal, naamlik hulle sal een vlees word (Gen. 2:24). Hierdie eenwording is die beginsel wat in 'n verbondsverhouding geld. Die twee word as te ware een persoon (identiteit)(Gen. 2:23). Daarom deel en ervaar hulle alles saam – as een vlees!

Hierdie verbondsverhouding in die huwelik moet op die horisontale en vertikale vlak wees. Horisontaal tussen die man en sy hulp (vrou, eggenote), en vertikaal as individu, maar ook as eenheid met יהוה. Hierdie eenheid, naamlik hierdie verbond, mag nie verbreek word nie!!

Yeshua dié Gesalfde Een se lering aangaande die huwelik soos opgeteken is in Matt. 19:3-9, was presies bogenoemde en het Hy dit ook so aan die Fariseërs verduidelik.

3 Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en vir Hom gesê: “Is dit volgens die wet vir 'n man om oor enige rede van sy vrou te skei?”

4 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle aanvanklik gemaak het, hulle man en vrou gemaak

5 en gesê het: ‘Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou en hulle twee sal een vlees wees’

6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees, nie? Wat God dan een gemaak het, laat geen mens dit skei nie.

7 Hulle sê vir Hom: “Waarom het Mosheh dan beveel om 'n skeibrief te gee en haar weg te stuur?”

8 Hy sê vir hulle: “Omdat Mosheh julle weens die ongevoeligheid van julle verstand, wil en emosie toegelaat het om van julle vrou te skei, maar aanvanklik was dit nie so nie.

9 Ek sê vir julle dat wie ook al van sy vrou skei, anders as oor seksuele immoraliteit en 'n ander een trou, egbreuk pleeg en wie ook al met die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.” Matt. 19:3-9.

Opsommend het Yeshua die volgende gesê:

- Die siening en standaard van die huwelik soos die Fariseërs voorgehou word, is benede יהוה se standaard en vereiste. Egskeiding is egter later toegelaat onder die wet (deur Moses) weens die hardheid van die volk se harte. Van die begin af was dit egter nie so nie.
- יהוה se doel met die huwelik is soos יהוה dit beplan het toe Hy Adam en Havah geskape het, naamlik dat 'n man en vrou een sal word en nooit moet skei nie.

Hierdie eenwording in die huwelik moet so volkome wees dat beide as te ware hulle eie identiteit en geaardheid verloor en een nuwe identiteit en geaardheid vorm deurdat hulle een vlees word. Dit is `n eenwording van gees, siel en liggaam om iets nuuts te vorm!!

Die feit dat egskeiding om ander redes as egsbreuk plaasvind, is deel van die mens se sonde geaardheid. Die doel van Yeshua se versoeningswerk aan die kruis is ondermeer om die huwelik te herstel tot die standaard soos deur יהוה gestel is.

Prediker 4:9-12 is bevestiging van יהוה se doel vir die huwelik en die voordele wat dit inhou:

- 9 Twee is beter as een, want hulle het `n goeie beloning vir hulle harde werk,
- 10 want as hulle val, sal die een sy maat optel, maar wee die een wat alleen is wanneer hy val, want daar is niemand om hom op te tel nie.
- 11 Meer nog, as twee bymekaar slaap, sal hulle warm kry, maar hoe kan een alleen warm wees?
- 12 As een te sterk is vir hom, sal twee hom weerstaan en `n driedubbele tou word nie gou gebreek nie.

Hierdie teksverse kan soos volg verduidelik word:

- Vers 9: Twee wat tesame arbei, bereik meer in die lewe.
- Vers 10: Daar is wedersydse geestelike, morele en fisiese ondersteuning.
- Vers 11: Die warmte en sekuriteit van die huwelik (verwysend ook na die seksuele en intieme verhouding).
- Vers 12: Wedersydse beskerming en ondersteuning teen die aanslae van die lewe. יהוה self gee sterkte aan die tou, naamlik aan die eenwording van man en vrou. *`n Driedubbele lyn word nie gou verbreek nie* verwys na die drie-eenheid wat in `n huwelik moet wees, naamlik man en vrou en יהוה. Vader-God is die derde deel van die tou wat die sterkte aan die huwelik gee.

Die mees suksesvolste en gelukkigste huwelike is waar beide man en vrou יהוה met totale oorgawe volgens Vader-God se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, dien. Die man moet ook die geestelike leier (die beskermer en voorsiener) van sy huis wees wat bevoeg is om die vrou te onderrig aangaande die dinge van יהוה (1 Tim 2:11-12). Die vrou moet wel haar kinders onderrig ten opsigte van vertroue, liefde en afsondering (1 Tim. 2:15).

Mans het `n hulp nodig!

Die man moet sy vrou versorg en behandel as `n hulp wat vir hom noodsaaklik is en sonder wie hy nie kan klaar kom nie. Hy moet haar liefhê soos Yeshua die gemeente (Sy bruid) liefhet en soos hy homself liefhet (Ef. 5:25 en 28). Dan alleenlik sal die man die werklike waarde van sy vrou besef en יהוה se seën ontvang en dit kan wees wat יהוה wil hê hy moet wees.

Daarom is dit belangrik dat `n man met sekerheid van sy huweliksmaat moet kan sê: *“Dit is nou been van my been en vlees van my vlees”*, want sy keuse is `n lewenslange verbintenis.

Indien Adam alleen sou wees, en niemand anders gehad het om lief te hê soos homself nie, sou sy hele bestaan egosentries (die eie ek is die middelpunt) gewees het. Ware liefde haal die fokus van jouself af en plaas die fokus op die een wat jy liefhet. Dit is die יהוה-tipe liefde (*agape*); dit is verbondsliefde. Verwys 1 Korinthiërs 13, veral verse 4 tot 7.

Beide man en vrou staan op gelyke voet voor יהוה. Die enigste onderskeid wat יהוה maak is in die gesagsorde waar God die hoër gesag aan die man toeken (Ef. 5:23).

Omrede die man die hoof van die vrou is, is die vrou daarop geregtig om gekoester en versorg te word, want haar geluk en toekoms is nou grootliks van haar man afhanklik.

In `n huweliksverbond, soos in enige verbond, is jou eie belange en behoeftes ondergeskik aan jou verbondsvennoot se belange en behoeftes. Die verbondsbelofte is egter dat indien beide getrou is aan יהוה en aan mekaar, dan sal יהוה aan beide die begeertes van hulle hart gee.

Bepeins of Bespreek

1. Vraag: Wat is die kernorsaak van `n ongelukkige huwelik? Antwoord: Selfsugtigheid! Die begin van die verbodskeling van `n huwelik is wanneer eie belange bokant die van huweliksmaat en kinders gestel word.
2. Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!! Is dit hoe jy jou huweliksmaat liefhet?
3. *True marital love is not a once-done, permanent thing. It is a growing, living and unfolding journey throughout one's natural life* – Jerold Aust.
4. Die vrou is nie gemaak uit die voete van Adam nie en daarom is sy nie benede hom nie. Sy is nie gemaak uit die kop van Adam nie en daarom is sy nie bokant hom nie. `n Vrou is gemaak uit die sy (ribbebeen) van Adam en daarom staan sy langs hom as sy gelyke. Soos in Parashah19.1 ([Parashah1Notas19](#)) bespreek was, is die Hebreëus vir *ribbebeen* (*tsela*) en beteken ook *sy* of *een kant* soos wat ondermeer ook in Ex. 25:12 verwys word na die ringe wat aan die kant van verbondsark aangebring moes word. Maar die belangrike wat Gen. 2:22 ons egter leer, is dat `n groot deel van die mens (een kant of helfte) geneem is om `n helper vir hom te maak.

Avraham se Gebed

Toe Avraham in G'rar as besoeker gebly het, het hy gesê dat Sarah sy suster is. Die gevolg was dat Avimelekh, die koning van G'rar, vir Sarah laat haal het, want Avraham het hom onder `n wanindruk gebring (Gen. 20:1-2). God het egter in `n droom vir Avimelekh gesê dat Sarah getroud is en daarom vir hom gesê:

6“Ja, Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou verstand en begrip gedoen het en Ekself het jou daarvan weerhou om nie teen My te sondig nie; daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.

7 Gee nou die man se vrou terug, want hy is `n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort.” Gen. 20:6-7.

יהוה het nie net verhinder dat Avimelekh vir Sarah aanraak nie, maar God het ook elke baarmoeder van die huis van die koning heeltemal toegesluit (Gen. 20:17-18).

Avimelekh het gemaak soos God vir hom gesê het en vir Sarah aan Avraham teruggegee. Maar veel meer! Hy het vir Avraham geseën met kleinvee, beeste, slawe en slavinne, asook die keuse om in G'rar te bly net waar hy wil. En omdat Sarah verneder was, het Avimelekh vir Avraham `n duisend stukke silwer ook gegee (Gen. 20:14-16)!!

Hierna het Avraham tot God gebid en God het Avimelekh gesond gemaak, asook sy vrou en sy slavinne sodat hulle geboorte kon gee (Gen. 20:17).

Hierdie gebeure getuig van יהוה se onverdiende guns, selfs al het Avraham 'n leuen vertel. Hy het egter uit vrees opgetree soos hy aan Avimelekh gesê het:

Omdat ek gedink het dat daar geen respekvolle vrees vir God in hierdie plek is nie sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak. Gen. 20:11..

Maar hier is ander baie belangrike les ook in hierdie gebeure verskuil! Avraham het vir Avimelekh gebid terwyl hyself nog wagtend was op die vervulling van die belofte dat in sy nageslag sal al die families van die aarde geseën word (Gen. 12:3). Hy was bereid om vir ander te bid terwyl hy dieselfde behoefte gehad het! Maar let op wat was die gevolg van sy bereidwilligheid:

¹ יהוה het Sarah besoek soos Hy belooft het en יהוה het aan Sarah gedoen soos Hy gesê het:

² Sarah het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun vir Avraham, in sy hoë ouderdom, op die bepaalde tyd wat God vir hom gesê het. Gen. 21:1-2.

Volgens Shlomo Yitzchaki (Rashi) is die les wat ons uit hierdie stukkie geskiedenis leer die volgende: *Whoever seeks mercy for another by praying for his need when he himself is needful of the same will have his own need met. At the very least, we learn here the principal of praying for others before ourselves.*

Bepeins of Bespreek

1. Hierdie gebeure bevestig dat Avraham, ons vader van vertroue en gehoorsaamheid, ook net 'n mens soos ons was. Hy het ook sy oomblikke van wantroue beleef weens vrees!

"Our lives are full of supposes. Suppose this should happen, or suppose that should happen; what could we do; how could we bear it? But, if we are living in the high tower of the dwelling place of God, all these supposes will drop out of our lives. We shall be quiet from the fear of evil, for no threatening of evil can penetrate into the high tower of God." – Hannah Whitall Smith.

Avraham se Groot Toets

Avraham se eerste toets van vertroue en gehoorsaamheid was om uit Ur van die Kasseërs (Chaldeërs – antieke Babilon (Bavel)), waar afgodery aan die orde van die dag was, te trek na die land wat יהוה hom sou wys. Teen die einde van Avraham se lewe het hy egter die grootste toets van vertroue en gehoorsaamheid geslaag toe hy bereid was om volgens יהוה se opdrag sy seun van die belofte, Yitz'gak, te gaan offer op die berg Moriyah.

¹ Ná hierdie dinge het God Avraham getoets en vir hom gesê: "Avraham!" Hy antwoord: "Hier is ek!"

² Hy sê: "Neem nou jou seun, jou uniek enigste wat jy lief het, Yitz'gak en gaan na die land Moriyah en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal uitwys." Gen. 22:1-2.

Avraham het beide Yitz'gak en Yishma'el lief gehad en daarom was die toets nie of Avraham bereid was om een van sy twee seuns te offer nie! Nee, die ware toets was of Avraham genoegsame vertroue in die beloftes van God gehad het, want Yitz'gak was die seun volgens die belofte van die nageslag in wie al die volke geseën sal word.

Avraham het nie ‘beswaar gemaak’ teen יהוה se opdrag nie, maar hy het die môre vroeg na Moriyah vertrek om יהוה se opdrag uit te voer (Gen. 22:3). Hy was bereid om nie net sy seun te offer nie, maar ook die belofte van יהוה, die gewer en waarmaker van die belofte, aan יהוה by wyse van ‘n offer as te ware terug te gee. Dit is die hoogste vorm van vertroue en gehoorsaamheid en die skrywer van die brief aan die Hebreërs gee vir ons die antwoord hoekom Avraham bereid was om dit te doen:

- 17 Deur vertroue het Avraham, toe hy getoets is, Yitz’gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het,
 18 aan wie gesê is: “In Yitz’gak sal jou nageslag genoem word.”
 19 Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om ’n vergelyking te maak, terug ontvang het. Heb. 11:17-19.

Eerstens het Avraham soveel vertroue in יהוה gehad dat hy sonder enige huiwering gehoorsaam was. Avraham het onvoorwaardelik geglo dat יהוה nie sal of kan lieg nie (Heb. 6:13-18). Avraham was seker van dit wat hy gehoop het en oortuig gewees van dit wat hy nie gesien het nie (Heb. 11:1). Daarom het Avraham geglo dat יהוה Sy belofte gestand sal doen, al moet Hy Yitz’gak uit die dood uit opwek. Hy het ook geweet dat sonder vertroue is dit onmoontlik om יהוה te behaag (Heb. 11:6).

Tweedens was Avraham se vertroue toekomsgerig. Hy het ‘n verwagting gehad dat sy nageslag ‘n permanente woonplek sal hê waar יהוה aanbid en gedien kan word. Avraham het ‘n hemelse verwagting gehad (Heb. 11:10). Hy het die koms van Yeshua, die Lam van God, gesien (Joh. 8:56)!

Avraham se vertroue en gehoorsaamheid is deur sy werke (dade) bevestig. In sy brief beskryf Ya’akov dit soos volg:

- 21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz’gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?
 22 Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?
 23 Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is ’n vriend van God genoem.”
 24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die ‘geloof’ nie? Jak. 2:21-24.

Soos voorheen bespreek is, moet vertroue in יהוה gepaardgaan met gehoorsaamheid aan Sy Torah. Gehoorsaamheid is die bewys van vertroue! Vertroue sonder werke van gehoorsaamheid is nutteloos!

Net soos die liggaam sonder gees dood is, net so is ook die ‘geloof’ sonder dade dood. Jak. 2:26.

Vertroue wat gepaardgaan met gehoorsaamheid is die versekering dat ons die dood tot in ewigheid nooit sal sien nie!

Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê, wie ook al My boodskap uitvoer, sal die dood tot in ewigheid nooit sien nie.” Joh. 8:51.

Daarom is dit ook belangrik om te verstaan dat die geskiedenis van Avraham en Yitz’gak ‘n sinnebeeld is van Vader-God en Sy geliefde Seun Yeshua. Dit is ‘n heenwysing na die belofte

van die Lam van God wat geoffer sou word as versoening met יהוה vir elkeen wat Torah oortree, naamlik sondig en daarom die dood verdien.

Die eindproduk van die sonde is die dood, maar die geskenk van God is die ewige lewe, in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:23.

Bepeins of Bespreek

1. Kort na Avraham se aankoms in die Beloofde Land volgens יהוה se belofte (Gen.12:1, 5 en 6) was daar 'n hongersnood en moes Avraham na Egipte trek (Gen. 12:10). Het Avraham nie rede gehad om moedeloos te word en te twyfel aan יהוה se beloftes nie en om te twyfel of hy reg gehoor het? Hoe het Avraham dit reg gekry om sy vertroue in יהוה se beloftes te behou? Is die antwoord nie te vinde in die feit dat ons nie 'n tydbeperking op die vervulling van יהוה se beloftes kan plaas nie? Word יהוה se beloftes deur vertroue en geduld ontvang? Is ons nie geneig om, soos Sarah, die Vader "te wil help" dat Sy beloftes waar word nie?
2. Het jy en ek die vertroue tot gehoorsaamheid van ons aardsvader Avraham? Gaan ons die toets slaag wanneer ons tot die uiterste getoets word? *Avraham's life was a life a faith, and the life of faith is a life of testing. At every juncture we are tested. Passing each test requires stubborn optimism, resolute confidence in God and steadfast obedience. Life's problems are opportunities to prove our faith and to improve our faithfulness. We fail life's tests when we give in to despair, lose confidence in God or turn away from obedience. Every difficulty and trial is a test of faith. Will we assess the problem through the eyes of faith or not? Will we respond in faith or faithlessness? (Vayera, FFOZ, 2011).*

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.